

Saterdag 2 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 2:4-25
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Genesis 2:7

Die Verbondsgod skep die verbondsmens

God is 'n persoonlike God. Hy skep die mens op 'n besondere manier. Die mens moenie net as beeldraer van God oor die skepping heers nie (Gen. 1:26), hy moet ook in 'n persoonlike verhouding met God lewe en met Hom kommunikeer. Daarom skep God die mens om in 'n verbondsverhouding met Hom te lewe.

'n Verbond is iets soos 'n ooreenkoms. God se verbond beteken dat Hy Homself aan die mens verbind. Hy neem al die inisiatief. Hy besluit watter verpligtings Hy op die mens lê. En Hy besluit watter verpligtings Hy op Homself neem. Hy verplig die mens om sy Skepper te dien, en die Skepper verplig Homself om vir die mens te sorg!

Die woord "verbond" word nie in Genesis 2 gebruik nie. Maar die verbondsnaam van God word hier vir die eerste keer gebruik! God is die **HERE** – die Verbondsgod! *Die HERE God het die mens geformeer (vs 7).* Hy doen besondere moeite met die skepping van die mens. God het *in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.* Die mens begin lewe deur 'n besondere, direkte daad van God. Die mens word so geskep dat hy kan dink en God kan antwoord – dat hy met die Verbondsgod kan kommunikeer. Die Verbondsgod skep die verbondsmens om in 'n lewende, persoonlike verhouding met Hom te lewe!

In Christus herskep die Verbondsgod die verbondsmens, wat die verbond verbreek het, om in ewigheid saam met Hom te lewe. Aan daardie lewe het jy nou reeds deur die geloof deel! Bou die verbondsverhouding met die Verbondsgod elke dag op. Maak dit sterker deur elke dag na Hom te luister en met Hom te praat.

Sing: Psalm 89-1:3

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)